

Willem Naudé

Die postmodernistiese diskoers en die Suid-Afrikaanse ekonomiese oorgang

Opsomming

Hierdie artikel beskryf die postmodernistiese reaksie op die verwerping van modernisme in die wetenskap en poog om die implikasies daarvan vir die ekonomiese wetenskap te identifiseer. Die beskouinge van die hermeneutiese skool van die postmodernisme mag moontlik nuttig vertolk word gegewe die noodsaaklikheid van 'n algemeen aanvaarde ekonomiese ontwikkelingstrategie vir postapartheid Suid-Afrika. 'n Implikasie vir die beoefening van die ekonomiese wetenskap aan hoër onderwysinstellings in Suid-Afrika is dat debat, diskoers en retoriek onontbeerlik mag wees vir die bevordering van ekonomiese besluitneming en bestuur.

The postmodernist discourse and the South African economic transition

The postmodernist reaction to the Cartesian Anxiety caused by the rejection of modernism as philosophical basis for science is set out in this paper. It is argued that the hermeneutical tradition within postmodernism might be a useful way of approaching the current question of an appropriate economic strategy for the postapartheid economy. Some implications that might be relevant for the role of economists at South African Higher Education Institutions (HEIs) are drawn out. The paper concludes that discourse, debate and rhetoric might be indispensable for the advance of economic justice in South Africa, and might also be an instrument to allow for individual choice, and eventually, individual reckoning.

Prof W Naudé, Skool vir Ekonomie, Geld- en Bankwese, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520; E-pos: eknwan@puknet.puk.ac.za

Good science is good conversation
(McCloskey 1985: 27).

In die meeste wetenskapsfilosofieë word die modernistiese siening van die wetenskap wat die induktivisme, die logiese positivisme en Popper (1968: 1972) se beginsel van falsifikasie omvat, toenemend verwerp.¹ Die redes hiervoor is tweërlei. Eerstens word aanvaar dat geen wetenskapsbeoefening vry van waarde-oordele kan wees nie; 'feite' spreek derhalwe nie vanself nie, maar moet deur die lense van die betrokke wetenskaplike se paradigma geïnterpreteer word. In sy boek *The structure of scientific revolutions* toon Kuhn (1962) aan hoe die wetenskap ontwikkel deur paradigma-verskuiwings. Tweedens het ontwikkelings in die natuurwetenskap, waaronder die relatiwiteitsteorie, kwantumfisika, die katastrofe- en chaosteorieë die gedagte by sommige wetenskaplikes laat posvat dat daar geen objektiewe waarheid of werklikheid bestaan nie (Fields 1995: 5-6; Naudé 1993: 303-4).

Die implikasies van dié verwickelinge is op die oog af problematies vir die rol van die wetenskaplike, terwyl 'n ontleding daarvan besonder relevant is vir die oorgangstydperk waarin Suid-Afrika tans verkeer. In dié artikel word geargumenteer dat die postmodernistiese reaksie teen hierdie verwickelinge nuttig kan wees, nie net om die taak en rol van ekonome in Suid-Afrika te definieer nie, maar ook om lig te werp op die plek van ekonomie-departemente aan universiteite in 'n nuwe Suid-Afrika. Daar word van die standpunt uitgegaan dat een van die dringendste uitdagings tydens die oorgang op die ekonomiese terrein lê (vgl Naudé 1994a: 1). Dit mag beweer word dat die ekonomiese wetenskap steeds deur die modernistiese siening gedomineer word, moontlik omdat die deurbrake in die verwiskundiging van die ekonomie (Naudé 1993: 300-1) ongeveer teen dieselfde tyd plaasgevind het as die verskyning van Kuhn se werk. Gevolglik is dit nodig dat deelnemers aan die ekonomiese debat eers kennis neem van die impak wat die postmodernistiese sieninge op die ekonomiese wetenskap kan hê.

1 Die uitgebreide en nuttige kommentaar van twee anonieme keurders word hiermee met dank erken. Alle tekortkominge is alleenlik dié van die outeur.

In afdeling een word die implikasies van die verwerping van die modernistiese siening uiteengesit. In afdeling twee word die post-modernistiese reaksie hierop bespreek, en in afdeling drie word die implikasies vir wetenskapsbeoefening na die ekonomiese wetenskap en die Suid-Afrikaanse geval deurgetrek.

1. Cartesiese angs

Die verwerping van die modernisme het volgens Bernstein (1983) 'n "Cartesiese angs" laat posvat onder wetenskaplikes en filosowe, omdat die modernisme gegrond was op die fondament wat deur Descartes gelê is. Dié fondament stel dat daar 'n objektiewe werklikheid, 'n vaste punt bestaan wat deur die mens se rede ontdek kan word. Die betekenis hiervan is volgens Bernstein (1983: 18) dat

either there is some support for our being, a fixed foundation for our knowledge, or we cannot escape the forces of darkness that envelop us with madness, with intellectual and moral chaos.

Die implikasie uit Kuhn en andere se werk dat daar geen so 'n vaste fondament is nie, het gevolglik tot 'n vrees vir "intellectual and moral chaos" gelei. Wetenskaplikes was spesifiek bekommerd dat Kuhn

was licensing every scientist to set up his own paradigm and then define objectivity and rationality in terms of that paradigm (Rorty 1979: 325-6).

Hierdie vrees is relevant vir die ekonomiese wetenskap, waar menige verskillende paradigmas gevind word (Naudé 1993: 300). Ruccio (1991: 505) beskryf die situasie in die ekonomiese wetenskap en sê "they literally construct different economic realities" en "the discipline of economics is irreducibly defined by a plurality of conflicting knowledges".

Hierdie pluraliteit van teenstrydige werklikhede in die ekonomiese wetenskap het betekenis vir die huidige problematiek in Suid-Afrika. In Suid-Afrika kan die 'rassevraagstuk' (selfs die "misdaadvraagstuk") as 'n ekonomiese vraagstuk gesien word, aangesien ongeveer 15% van die bevolking (wat blank is) ongeveer 80% van die rykdom besit. Inkomsteverdeling in Suid-Afrika is een van die ongelykstes ter wêreld. 'n Nuwe, demokratiese regering is

verkies, met 'n mandaat om die wil van die meerderheid van die bevolking uit te voer. Die meerderheid se wil is groter ekonomiese voorspoed. Dit kan op een of twee maniere deur die regering hanteer word. Eerstens, deur 'n sogenaamde "verdelingsbeleid", waar nuwe ekonomiese groei en nuwe ekonomiese bates wat geskep word, meer as proporsioneel na die swart meerderheid gekanaliseer word. Tweedens, deur 'n sogenaamde "herverdelingsbeleid" waar bestaande bates onteien en oorgedra word na diegene teen wie daar in die verlede gediskrimineer is. Voorbeelde van eersgenoemde beleid is groter staatsbesteding aan swart behuising en onderwys, mediese dienste en die subsidiëring van voedsel. Voorbeelde van laasgenoemde is hoër progressiewe belastingskale, grondhervorming, nasionalisering en weeldebelasting.

Watter beleid uiteindelik in Suid-Afrika sal domineer (beide sal gebruik word) na die 1999-verkiesings, sal afhang van die ekonomiese paradigma (soos dit weerspieël word in ekonomiese beleidsmodelle van die regering) wat uiteindelik sal seëvier. Die verskillende politieke rolspelers in Suid-Afrika se ekonomiese standpunte word deur Beukes & Fourie (1992) uiteengesit. Die vernaamste twee ekonomiese standpunte, dié van die Nuwe Nasionale Party/Demokratiese Party en SABEK aan die een en dié van die ANC/Cosatu en SAKP aan die ander kant, is op fundamenteel konflikterende paradigmas gebaseer (Naudé 1998: 11). Hoe kan die verskillende partye se ekonomiese voorstelle wetenskaplik ontleed word as daar geen objektiewe werklikheid bestaan nie, en die wetenskap nie vry van waarde-oordele en voorveronderstellings kan wees nie?

Een moontlike reaksie is om te erken dat die wetenskap nie vry van waarde-oordele kan wees nie, maar dat dit nie rede is om in "intellectual and moral chaos" te verval nie. Die taak van die wetenskaplike behoort eerder te wees om seker te maak dat die tipe waarde-oordele wat gebruik word in die beoefening van die wetenskap, versigtig gekies is. As grondslag vir die keuse van waarde-oordele word die Skrif dikwels aan Suid-Afrikaanse universiteite (veral historiese Afrikaanse universiteite) gebruik. So word na bewering 'n mate van 'objektiwiteit' in die wetenskap ingebou. Die taak van 'n filosoof soos Dooyeweerd was om riglyne

neer te lê sodat die waarde-oordele vanuit die Skrif op konsekwente wyse in die wetenskap geïnkorporeer kon word.

- Is dit 'n gepaste antwoord op die “Cartesiese ang”?
- Is dié wetenskapsfilosofie nie dalk beperk tot die bestudering van gemeenskappe wat dieselfde waardes deel nie?
- Is die benadering van ekonomie-departemente aan historiese Afrikaanse universiteite tot die ekonomiese wetenskap nie maar net geldig wanneer 'n Christelike-Calvinistiese samelewing bestudeer word nie?
- Moet daar nie ander waarde-oordele na die ekonomiese wetenskapsbeoefening gebring word wanneer in baie gevalle 'n animistiese, nie-Christelike gemeenskap die objek van ondersoek is nie?

'n Substansiële gedeelte van die postmodernistiese agenda is gewy aan die Cartesiese ang en hul oplossing mag rigtinggewend wees — veral aangesien dit onlangs tot 'n groter filosofiese bewustheid in veral die ekonomiese wetenskap gelei het. In die volgende afdeling word die postmodernistiese antwoord bespreek.

2. Diskoers en konsensus

Postmodernisme is 'n breë konsep. Dit mag daarom betekenisvoller wees om die vernaamste postmodernistiese denkskole te verduidelik as om 'n definisie van die postmodernisme voor te hou. Daar is drie postmodernistiese denkskole: die radikales, die wetenskapsdenkers en die hermeneutiese skool (Ruccio 1991: 495).

Die radikales se standpunt (sien byvoorbeeld die werk van Foucault) is dat elke individu sy of haar eie werklikheid skep en dat daar geen manier is om verskillende realiteite te beoordeel nie. Binne dié denkskool is daar die volgende drie belangrike konsepte:

- Kulturele relativisme — die gedagte dat dit onmoontlik is om die waarde van instellings en sosiale gebruike oor kultuurgrense heen te beoordeel of te vergelyk;
- Morele relativisme — die gedagte dat dit onmoontlik is om objektief verskillende individuele gedragspatrone te beoordeel;
- Werklikheidsrelativisme — die gedagte dat dit onmoontlik is om

objektief te oordeel oor kompeterende aansprake op die werklikheid.

Die wetenskapsdenkers erken die kompleksiteit van wetenskaplikes se agendas, en beklemtoon dat alle wetenskap binne die konteks van navorsings- en gemeenskapstradisies plaasvind. Feyerabend (1978) se werk *Against method* se sentrale boodskap is dat alle metodologieë beperk is. Daarom kan slegs 'n pluraliteit van tradisies, teorieë en metodes die wetenskap verhoed om bloot as front of regverdiging te dien vir ideologieë. So 'n pluraliteit van sieninge kan volgens Feyerabend ook verhoed dat opvoeding en onderwys bloot in indoktrinasië verval, wat 'n besondere gevaar kan wees wanneer opvoedkundige sentra soos universiteite een spesifieke lewensbeskouing voorstaan.

Kuhn (1962) fokus in sy werk veral op die sosiologie van kennis en dui aan hoe die wetenskaplike gemeenskap van die een paradigma na die ander beweeg. Kuhn (1962: 10) argumenteer: "The philosophy of science is at odds with the history of science". In die ekonomiese wetenskap spesifiek deel McCloskey (1985: 482) hierdie siening en is van mening dat "economists do not follow the rules of enquiry their methodologies lay down".

In sy werk *The methodology of scientific research programmes* gaan Lakatos (1978) van die standpunt uit dat die wetenskapsleer ten doel behoort te hê om reëls of metodes te identifiseer waarmee teorieë verander en verbeter kan word. Hy verwerp Popper se beginsel van falsifikasie op grond van bloot een teenstrydige feit, en is 'n voorstander van die Duhem-Quine-tese wat stel dat dit onmoontlik is om 'n enkele hipotese as vals te bewys omdat geen hipoteses losstaan nie, maar deur aanvullende hipoteses ondersteun word (vgl Lakatos 1978: 45). Indien 'n nul-hipotese derhalwe deur 'n statistiese toets verwerp word, word inderwaarheid 'n saamgestelde hipotese (die nul tesame met sy aanvullende hipoteses) verwerp, en nie die enkele hipotese alleen nie.

'n Derde postmodernistiese denkskool is volgens Ruccio (1995) die hermeneutiese skool, wat deur sommige skrywers aan die pragmatisme verbind word. Volgens Lavoie (1990: 1) is die hermeneutiek "a philosophy of understanding, which elucidates how it is that one person comes to understand the actions or words, or any other

meaningful product, of another". Die hermeneutiese skool verkies koherente en konsensus teorieë van die werklikheid, en beklemtoon begrip en interpretasie eerder as oorsaaklike verwantskappe.

Die hermeneutiese skool voorsien moontlik die bevredigende antwoord op die Cartiese ang en die implikasies van Kuhn se werk deur die rol van taal en diskoers te beklemtoon. Hoewel daar geen objektiewe, algemeen geldende standpunte en 'n neutrale taal is nie, moet 'n diskoers oor teoretiese en selfs kulturele tradisies gevoer word. Die hermeneutiese skool self is nie eenstemmig oor wat die uiteinde van so 'n diskoers sal wees nie; dog die radikale skool is van mening dat dit tot groei en groter koherensie van deelnemers se eie beskouings kan lei. Taylor (1985: 125) voer aan dat wanneer die diskoers plaasvind, deelnemers geen ander keuse het as om die ander tradisie deur die "bril" van hul eie tradisie en perspektief te leer ken nie. Gevolglik stel hy voor dat daar binne elke tradisie 'n "language of perspicuous contrast" ontwikkel word. Hiermee bedoel hy 'n "taal" wat die ooreenkomste en verskille tussen tradisies saamvat. Die taak van wetenskaplikes, soos Rorty (1979: 8) dit stel, is "to keep the conversation going". Naudé (1993: 307) verwys na Wittgenstein se aanvanklike bevinding dat "the sole remaining task for philosophy is the analysis of language". Hy stel selfs verder dat in die ontleding van die taal of diskoers die sogenaamde filosowe nie meer 'n beduidende of bevoorregte rol het om te speel nie. Hulle voeg slegs 'n stem by "to the many an varied conversations taking place within the traditions, but they cannot rise above these conversations and pronounce judgement upon them" (Hoksbergen 1994: 686).

3. Gevolgtrekking

Die postmodernistiese antwoord op die Cartesiese ang, naamlik diskoers oor tradisies heen, kan nou verder ontleed, en in die geval van die ekonomiese wetenskap aan Suid-Afrikaanse universiteite, toegepas word.

In die geval van die ekonomiese problematiek in Suid-Afrika is dit nie net verskillende teoretiese tradisies wat ter sprake is nie, maar ook verskillende kulturele tradisies. In die verlede het die staat gepoog om deur middel van die apartheidsbeleid die diskoers tussen

hierdie tradisies te verhoed. In die lig van die bespreking in Afdeling twee kan die gevolgtrekking gemaak word dat die apartheidsbeleid geheel en al teenstrydig met die postmodernistiese siening was. Indien die ekonomiese problematiek in Suid-Afrika dan verskillende teoretiese en kulturele tradisies bevat, is die postmodernistiese antwoord dat wetenskaplikes die taak het om die gesprek oor hierdie tradisies heen te laat vlot. Veral in die multi-kulturele Suid-Afrikaanse opset, kan die aanvaarding van kulturele relativisme gesien word as "the inter-cultural equivalent of openness to trial and error" (Neale 1990: 342).

Die gedagte aan 'n gesprek oor kulturele tradisies heen word deur Waller & Robertson (1991) beklemtoon deur gebruik van die term "diskoers". Die rol van diskoers is volgens hulle nuttig deurdat "extreme value relativism is avoided" (Waller & Robertson 1991: 1035). Deur 'n gemeenskaplike kultuur van diskoers kon die ekstreme apartheidsbeleid verhoed gewees het, en 'n gemeenskaplike kultuur van diskoers kan moontlik ekstreme sosialisme en kulturele polarisasie in Suid-Afrika verhoed. Op die ekonomiese terrein is instellings wat hieraan gestalte gee (soos NEDLAC) dus te verwelkom, en behoort wetenskaplikes te pleit vir die behoud en uitbreiding daarvan (Naudé 1994b).

Dit is veral in die ekonomiese wetenskap waar die postmodernistiese konsep van diskoers nuttig kan wees, maar waar dit nog min inslag gevind het. Die vernaamste postmodernistiese ekonoom is McCloskey. Volgens McCloskey (1985) is die ekonomie in wese 'n literêre wetenskap, en maak ekonome intensief van retoriek gebruik om hulself en andere te oortuig van die waarheid van hul beskouinge. Hy toon aan dat "economists do not follow the rules of enquiry their methodologies lay down" (McCloskey 1985: 482), en aangesien daar geen objektiewe manier is om tussen verskillende teorieë in die ekonomiese wetenskap te onderskei nie, moet ekonome retoriek gebruik om andere te oortuig. McCloskey beskou die gebruik van retoriek nie net as noodsaaklik vir die ontwikkeling van die ekonomiese wetenskap nie (dit is waardeur die Kuhniaanse paradigmaverskuiwings plaasvind), maar sien dit ook as 'n vorm van pragmatisme. Hierin deel hy Rorty (1979: 11) se siening dat kennis "the ability to get agreement by using persuasion rather

than force" is. Ekonomiese wetenskaplikes in die nuwe Suid-Afrika moet derhalwe hul retoriese vermoëns verskerp en, indien die hermeneutiese skool se siening gevolg word, is diskoers oor alle tradisies heen, die mees geskikte wyse om dit te bereik. In 'n sosiale wetenskap soos die ekonomie is die sosiale ontologie 'n sentrale element van die metafisiese, en sluit dit die geskiedenis, gemeenskapsopvattinge, sosiale verhoudinge en tradisie van 'n kultuur in. Die ekonomiese gesprek in Suid-Afrika behoort hierdie elemente in berekening te bring.

Stettler (1993: 19) maan egter teen 'n blinde navolging van McCloskey se pragmatisme in die ekonomie en wys daarop dat

it holds out the prospect of a social order based on widespread consensus, obviating the need to criticise its own ideological assumptions.

Daar bestaan 'n konkrete gevaar in die 'nuwe' Suid-Afrika dat die erkenning van kulturele relativisme misbruik kan word om ideologieë mee te verskans — met ander woorde dat daar, ter wille van konsensus, nie te krities met ander sieninge omgegaan moet word nie. Volgens Naudé (1994a) is daar alreeds tekens dat die regering van nasionale eenheid 'n onkritiese letargie by sommige regerende partye laat intree het.

Die rol van ekonomiedepartemente aan Suid-Afrikaanse universiteite behoort dus te wees om te verseker dat sy ekonome uie die gevaar loop om geïndoktrineer te word nie. Daar behoort doelbewuste pogings aangewend te word om die diskoers oor Suid-Afrika se toekoms op sulke kampusse multikultureel te maak. Metodologiese voorveronderstellings van watter aard ookal behoort nie deur universiteite voorgeskryf te word nie — debar en gesprek daaroor behoort wel ondersteun te word. Uiteindelik is die doelwit om volwasse Suid-Afrikaanse wetenskaplikes (en ekonome) af te lewer. Volgens Feyerabend (1978: 308) is so 'n volwasse wetenskaplike

not a man who has been instructed in a special ideology, [...] and who now carries this ideology with him like a mental tumour, a mature citizen is a person who has learned how to make up his mind and who has then decided in favour of what he thinks suits him best.

Binne die Christelike paradigma kan self tot hierdie gevolgtrekking gekom word. 'n Sentrale element van die Christelike paradigma is dié van individuele keuse. Die skeppingsperspektief in Genesis beklemtoon dat die individue (nie die groep nie) 'n keuse het. Gevolglik sal die individu uiteindelik rekenskap moet gee. Die kommunisme en nasionalisme kan gesien word as 'n ontvlugting van die mens vanuit hierdie individuele rekenskap. Kierkegaard het daarop gewys dat sy geloof in die bestaan van God 'n keuse is wat hy maak, en dat hy dit doen nieteenstaande die feit dat al die wetenskaplike getuïenis en logika daarteen is. Deur diskoers kan elkeen in Suid-Afrika sy of haar keuse maak.

Bibliography

BERNSTEIN R J

1983. *Beyond objectivism and relativism: science, hermeneutics and praxis*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

BEUKES E & F C V N FOURIE

1992. Economic policy views across the political spectrum. Hugo (ed) 1992: 98-119.

FEYERABEND P K

1978. *Against method*. London: Verso.

FIELDS D M

1995. Postmodernism. *Premise* 2(8): 5-11.

HOKSBERGEN R

1994. Postmodernism and institutionalism: towards a resolution of the debate on relativism. *Journal of Economic Issues* 28(3): 679-713.

HUGO P (ed)

1992. *Redistribution and affirmative action: working on the South African political economy*. Halfway House: Southern.

KUHN T

1962. *The structure of scientific revolutions*. Chicago: University of Chicago Press.

LAKATOS I

1978. The methodology of scientific research programmes. Worrall & Currie (eds) 1978: 113-37.

LAVOIE D (ed)

1990. *Economics and hermeneutics*. New York: Routledge.

MCCLOSKEY D N

1985. *The rhetoric of economics*. Madison: University of Wisconsin Press.

NAUDÉ W A

1993. Enkele prinsipiele fasette: die wiskunde en paradigmas in die ekonomiese wetenskap. *Koers* 58(3): 299-310.

1994a. South Africa's transition: some unpleasant economic arithmetic. *Cambridge Journal of International Affairs* 8(2): 42-57.

1994b. CGE modelling and South Africa's national economic forum. CSAE, Institute of Economics and Statistics, University of Oxford.

1998. Kom GEAR in rat? *Woord & Daad* 38(363) : 11-13.

NEALE W C

1990. Absolute cultural relativism: firm foundation for valuing and policy. *Journal of Economic Issues* 24(2): 333-44.

POPPER K

1968. *The logic of scientific discovery*. 2nd ed. London: Hutchinson.

1969. *Conjectures and refutations: the growth of scientific knowledge*. 3rd ed. London: Routledge.

1972. *Objective knowledge: an evolutionary approach*. London: Oxford University Press.

RORTY R

1979. *Philosophy and the mirror of nature*. Princeton, New Jersey: Princeton University Press.

RUCCIO D F

1991. Postmodernism and economics. *Journal of Post-Keynesian Economics* 13(4): 495-510.

STETTLER M

1993. The rhetoric of McCloskey's rhetoric of economics. Occasional paper 2, Department of Economics, University of the Witwatersrand.

TAYLOR C

1985. *Philosophy and the human sciences*. Cambridge: Cambridge University Press.

WALLER W T & I R ROBERTSON

1991. Valuation as discourse and process, or how we got out of a methodological quagmire on our way to purposeful institutional analysis. *Journal of Economic Issues* 25(4): 1029-48.

WORRALL J & G CURRIE (eds)

1978. *Philosophical papers*. Cambridge: Cambridge University Press.